

Maak 'n lewensveranderende verskil in iemand se lewe

Min dinge in die lewe is gratis. Maar CLF se pamflet-reeks is werklik gratis.

Die groeiende behoefte aan Christelike lektuur in die verskillende Suider-Afrikaanse tale het daartoe gelei dat die Christelike Lektuurfonds in Mei 1957 in Bloemfontein tot stand gekom het.

Ons het nagenoeg 115 titels in ons pamflet-reeks, oor elke denkbare onderwerp in die Christelike woordeskat. Dit is kleurvol, prakties en relevant vir elke geestelike behoefte of uitreik.

CLF dink wyd en nuut om steeds vandag die boodskap van die evangelie by mense uit te bring. Vat hande met ons en word deel van 'n opwindende onderneming in God se koninkryk.



Laai CLF se toepassing af vir lewensveranderende leesstof in die palm van jou hand. Gebruik dit in jou eie stiltetyd of deel dit met ander. Soek "clf" op die AppStore of Google Play en klik op "Installeer" om die toepassing af te laai.

MISSIE:

Om die realisering van hierdie visie te bevorder deur die befondsing te voorsien:

- Vir gratis literatuur om ondermeer die pamfletbediening voort te sit.
- Vir die voorsiening van bekostigbare literatuur vir ondermeer die volgende:
 - Geloofsvorming
 - Kerklike benodighede
 - Bemagtigingsmateriaal
- Om kommersiële produkte uit te gee wat relevant is vir die visie van die CLF.
- Om redaksionele dienste vir skrywers aan te bied wat hul publikasies self finansier en versprei.
- Om skryfskole te subsidieer vir die ontwikkeling van skryftalent, veral vir die inheemse tale.

DOELSTELLING:

Die hoofdoel van die CLF is om fondse beskikbaar te stel vir gratis en bekostigbare literatuur aan 'n verskeidenheid markte en kontekste in Suider-Afrika om die volgende uitkomst te bevorder.



Om bybelse waardes te vestig wat bevorderlik is vir respek, liefde, versoening en verdraagsaamheid by alle mense en vir God se skepping



Om gesonde gesinswaardes te beskerm en te bevorder, asook gesonde verhoudings tussen mans, vroue, kinders en kwesbare mense in die samelewing te vestig



Om die stryd teen korrupsie, misdaad, geweld, rassisme, klassisme, seksisme en onreg in gemeenskappe asook in die natuurlike omgewing te ondersteun



Om armoede, MIV en vigs, substansmisbruik en ander vorme van afhanklikheid te help beveg



Om individue en gemeenskappe te bemagtig om effektief trauma en verlies en ook ander maatskaplike vraagstukke aan te pak



Om 'n Christelike kofessionele basis en praktyke te bevorder en om waardering te kweek vir die rol wat geloofsgemeenskappe kan en behoort te speel in die heling van die samelewing en gemeenskappe

HELPCOR TRUST

019-688 NPO

SARS verwysing: 0173/605/14/8

Trust nr: IT244/02

DOEL:

Helpcor Trust se doel is om fondse in te samel en te voorsien aan NGO's/NPO's.

BELASTINGVOORDELE:

Artikel 18A sertifikate word verskaf.

Wat beteken dit om artikel 18A status te hê?

Engo Vrystaat is 'n goedgekeurde artikel 18A organisasie. 'n Belastingbetaler wat 'n bona fide donasie in kontant of in natura goedere aan HELPCOR TRUST / Engo Vrystaat maak, is geregtig op afslag op jou belasbare inkomste tot die maksimum van 10% van jou belasbare bedrag. Korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid speel 'n rol op die BEE telkaart.

Helpcor Trust beoog om ons donateurs se punte wat aan die korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid geallokeer word, op hul BEE-kaart te verhoog deur die donasies wat hulle maak.

TERME EN VOORWAARDES:

Ek/ons stem toe om enige bankkoste met betrekking tot hierdie debietorderopdrag te betaal. Daar bestaan geen werknemer-werkgewer ooreenkoms tussen die fondswerwer en Helpcor Trust nie. Ek/ons verstaan dat enige persoon hom/haar kan onttrek deur sy eie debietorder te kanselleer. Dertig dae kennis van kansellering moet skriftelik gegee word. Ek/ons verstaan dat elke fondswerwer slegs drie vlakke onder hom/haar kan hê, maar kan die netwerk horisontaal verbreed so veel as wat hy/sy wil. Indien iemand op 'n laer vlak sy debietorder kanselleer of dit verval word die kommissie wat 'n donateur vir daardie aftrekorder sou verdien outomaties gestaak. Kommissie wat verdien word, word verreken teen aftrekorder, en word uitbetaal wanneer die kommissie meer is as die aftrekorder.

OORDRAG:

Ek/ons erken dat die party wat hiermee gemagtig is om die trekking(s) teenoor my/ons rekening te behartig, geen van sy/hulle regte aan 'n derde party mag afstaan of sedeer sonder my/ons skriftelike toestemming wat vooraf gekry is nie, en dat ek/ons geen van my/ons verpligtinge ingevolge hierdie kontrak aan 'n derde party mag delegeer sonder die skriftelike toestemming wat vooraf van die gemagtigde party verkry is nie. Ek/ons verstaan dat die onttrekking wat hiermee gemagtig word deur 'n rekenaar verwerk sal word deur middel van 'n stelsel bekend as Bankserv-Magneetbanddiens, en ek verstaan ook dat die besonderhede van elke onttrekking op my/ons bankstaat of op 'n bygaande strokie gedruk sal wees. Die Ontvangs van hierdie opdrag deur u word as Ontvangs daarvan deur my/ons bank (soos die geval mag wees) geag.

Titel/Naam van organisasie:		
Volle Naam:		
Van:		
Straat adres:		
Posbus adres:		
Tel:	H	W
	S	
E-pos:		
ID nr:		
Taalvoorkeur:		
Belastingnommer van doneur/organisasie:		
Ek wil betrokke raak by die gedifferensiëerde debietorderprogram		
Ja	Nee	
Ek is gewerf deur:	(Naam en Van en ID (verpligtend))	
Donasies moet geallokeer word aan die volgende NGO/NPO:		
Christelike Lektuurfonds (CLF) / Christian Literature Fund 020-595-NPO / SARS verwysing: 9404/409/15/4		
Donasies moet geallokeer word na die volgende projek: CLF / CLF Pamflette / Een miljoen Bybels		
(opsioneel)		
REKENINGBESONDERHEDE		
Rekeninghouer:		
Bank:		
Tak / takkode:		
Tipe Rekening:		
Tjek	Transmissie	Spaar
Rekeningnommer:		
Bedrag (minimum R50):	R	
In Woorde:		
Datum waarop rekening gedebiteer moet word:		
1ste	17de	
Ek/ons gee toestemming dat my/ons debietorder jaarliks met 5% verhoog kan word.		
Ja	Nee	

Geteken te op hierdie..... dag van20.....

 GETUIE GEMAGTIGDE HANDTEKENING
 STUUR VOLTOOIDE VORM NA: ina@clf.co.za
 STUUR OORSPRONKLIKE VORM NA: CLF Privaatsak X19 Wellington 7655

UITNODIGING OM 'N FONDSWERWER TE WORD

Welsynsorganisasies verkeer onder geweldige druk om die fondse te vind om voort te gaan met die dienste wat hulle lewer. Hiermee word u uitgenooi om deel te word van die oplossing.

Enige individu of instansie kan 'n bydrae lewer deur 'n debiet-ordervorm te teken en dan ook ander te inspireer om betrokke te raak by die werwing van fondse vir welsynsorganisasies. Enige geregistreerde NGO/NPO kan genomineer word as begunstigde. Vir elke debietorder wat u werf, kry u 'n kontant-terug-bonus om dankie te sê. Daar is drie opsies:

Brons Bonus: Fondswerwers verdien brons bonus wanneer hulle self iemand gekry het om ook 'n debietorder ten gunste van 'n NGO/NPO te teken. 3% van hierdie debietorder word as 'n kontant-terug-bonus uitbetaal aan die fondswerwer. Daar is geen beperking op die hoeveelheid mense wat op hierdie manier gewerf word nie.

Silwer Bonus: Fondswerwers verdien silwer bonus wanneer die persoon wat deur hulle gewerf is ook ander kry om betrokke te raak by die saak deur debietorders te teken. 5% van hierdie debietorders word as 'n kontant-terug-bonus uitbetaal aan die oorspronklike werwer. Daar is ook geen beperking op die hoeveelheid mense wat so gewerf kan word nie.

Goue Bonus: Goue bonus is die hoogste bonus wat 'n fondswerwer kan bereik. Dit gebeur wanneer die persoon wat deur hom/haar gewerf is silwer bonus bereik. Die oorspronklike fondswerwer se kontant-terug-bonus is 7% van elke debietorder wat deur sy silwer fondswerwer gewerf is. Sy kontant-terug-bonusse is steeds 3% vir persone gewerf op Brons bonus en 5% vir persone gewerf op Silwer bonus asook verdere 7% en totaal van 15%. Weereens is daar geen beperking van die hoeveelheid mense wat graag betrokke wil raak op hierdie manier nie.

Die fondswerwer sal elke jaar 'n IT3 sertifikaat ontvang vir inkomste-belastingdoeleindes.

www.clf.co.za
021 873 6964
info@clf.co.za



CHRISTIAN LITERATURE FUND
 CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

Ons sien 'n wêreld waar mense die Boodschap van die Bybel lééf

